

Saterdag 7 Junie

**Skrifgedeelte: Ester 5:1-8**

**Fokusgedeelte: Ester 5:2**

**Ons goeie en getroue HERE sorg vir 'n mooi uitkoms**

Was dit regtig vir Ester wat die koning nie kon weerstaan nie? Ester het 'n geweldige risiko geloop toe sy na die koning toe gegaan het. Dink net wat het met Vasti gebeur, wat nie wou kom toe hy haar geroep het nie. Bevind Ester haar nie nou in presies dieselfde posisie nie?

Sommige sal dink dat die koning meer van Ester gehou het as van Vasti, omdat Ester mooier was. Nee, dit is hoe mense dit sal sien. Die verskil is die HERE. Die Heilige Gees open ons oë vir wat werklik hier aan die gang is. Die HERE maak die verskil in die lewens van sy gelowige kinders en Hy kan ook sy gelowige kinders gebruik soos Hy dit goedvind.

Die HERE het van die begin af geweet hoekom Hy Ester hier in die koninklike paleis gevestig het. Dit was nie Ester wat so beeldskoon en oorweldigend was dat die koning haar nie kon weerstaan nie. Sy was dit wel, maar die HERE het haar gemaak wat sy is en Hy gebruik haar as die instrument in sy hand, waarmee Hy goed doen.

As die HERE harte kan verhard soos die van die Farao, dan kan Hy sekerlik later ook die hart van 'n ander heidense koning versag teenoor Ester. Ester het dit so gesien en daarom het sy nie sonder voorbereiding in die troonsaal van die koning ingestorm nie, maar sy het gevra vir biddende voorbereiding van drie dae en nagte(4:16).

Hiermee het sy duidelik erken dat dit net 'n wonderwerk sal wees, die eie werk van die HERE as sy nie doodgemaak word nie. Hier kan ons ook by Ester leer. Sekerlik was sy mooigemaak, soos nog nooit tevore nie, maar haar geestelike voorbereiding was die heel belangrikste.

Die HERE is goed vir sy kinders wat op Hom vertrou. Hy stel ons nooit teleur nie. Hiervan is die koms van ons Here Jesus en die inwonende Heilige Gees die duidelikste bewys. Wie beter om te vertrou en jou lewe op te bou as ons goeie en getroue HERE.

*Sing: Psalm 136-1:1, 13, 18*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*